

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
november 2018



"Sien die lig!"

Lensopening: f2.8; Sluiter spoed: 1/30 sekonde; Fokale lengte: 100mm

Jy mag dalk meen dat die foto hierby nie 'n besondere kamerafoto is nie en dat jy dit net so goed met jou selfoon sou kon neem. Dit mag so wees – almal weet immers watter goeie foto's deesdae met selfone geneem kan word. Kyk ook verder aan in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* by die rubriek *Benut jou selfoon* na die mooi sonsondergang-selfoonfoto uit Amerika.

Maar daar is wel 'n belangrike saak om van kennis te neem by die foto hierbo. En dit is die rol wat lig daarin speel en die beplanning daaragter – en hier kom meeste selfoonfoto's tweede. Ons hooftema in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* is dan ook die rol wat lig speel in fotografie. Ons kan dit só stel: "Sien die lig!", of nog meer spesifiek, soos op ons van toepassing, "Fotografeer die lig!".

Geniet hierdie uitgawe van *Fotografienuus* saam met ons. En laat jou leuse steeds wees: *Speel met lig.*


Johan

voorbladfoto

Die voorbladfoto toon 'n helder rooi papawer. As sodanig is dit heel algemeen – almal kan dit afneem. Die besonderheid is egter dat die blom glœi (vandaar die gelerigheid aan die bokant van die blom) en dat daar beplan moes word om op die regte tyd by die regte posisie te wees.

Die foto is laatmiddag geneem. Nie net is dit een van die twee “goue ure” wat elke fotograaf daaglik tot sy/haar beskikking het nie, maar ook het die l e son gesorg dat die blom mooi van agter af belig word.

Die boodskap wat ons met hierdie foto aan jou wil bring, is: Sien die lig raak – altyd. Wees op die uitkyk vir onverwagse ligkolle om jou en benut dit (dit is wat gebeur het in die foto hierby). Lees ook ons verdere beskrywing oor die verskillende voorkomste van lig.



Onverwagte lig

Towerlantern Fotografie



Vir al jou fotografiese navrae
van **kameras** tot **kursusse**
(plaaslik sowel as aanlyn)

Skakel gerus vir navrae:
Johan de Klerk (082 884 7061)
www.towerlantern.co.za

 Towerlantern Fotografie


towerlantern
— fotografie —

Teen die tyd wat jy hier lees, is dit minder as twee maand na die nuwe jaar toe. En as jy dink wat jy, fotografies gesproke, in die nuwe jaar gaan doen, dan is die bywoning van 'n gevorderde kursus altyd 'n goeie keuse.

Verder, as jy dalk as Kersgeskenk iemand wil aanpor om kamerabewus te word, dan is daar altyd ons eerstevlakkursusse. Beide begin vroeg in die nuwe jaar.

Towerlantern Fotografie
- november 2018 -



Dramatiese lig

Verskillende voorkomste van lig

Lig kom in baie verskillende voorkomste na ons toe. Hieronder is enkele van die belangrikste vorms:

- ✓ **Beskikbare lig:** Dit is die lig wat op enige tydstip teenwoordig is. Dit is altyd daar. Dit kan natuurlik of kunsmatig of 'n mengsel van die twee wees.
- ✓ **Direksionele lig:** Dit is lig wat vanuit 'n bepaalde rigting op 'n onderwerp val. Deur met jou kamera om so 'n onderwerp te stap, kan jy verskillende tipes beligting kry, waaronder agterbeligting (soos ons voorbladfoto), sybeligting, voorbeligting, bobelgting en onderbeligting.
- ✓ **Weerkaatste lig:** Dit is sekondêre lig wat deur middel van een of ander medium vanaf 'n primêre bron na die onderwerp weerkaats word. Dit is meesal sagter en ook soms meer sensueel as die oorspronklike bron, byvoorbeeld maanlig teenoor sonlig.
- ✓ **Harde en sagte lig:** Dit is twee variasies van dieselfde saak. Gebruik net jou oë en jy sal gou agterkom of die lig om jou hard of sag is. Harde en/of sagte lig kan goë benut word, maar dit kan ook sleg wees.
- ✓ **Dramatiese lig:** Dit is tipies ook weerkaatste lig, maar met 'n dramatiese aspek daarby. Een so 'n voorbeeld is lig wat weerkaats word deur wolke. Die foto toon die effek.

Dwing jouself om altyd op te let na lig – of jy nou jou kamera by jou het of nie.

Speel met lig

Riglyne

Stel vir jouself die doel om vir 'n week lank elke dag deur middel van jou kamera met lig te speel. Jy kan enigiets doen. Ons gaan 'n voorbeeld illustreer. Aan die einde van hierdie bespreking sal ons ook ander idees gee waarmee jy verder kan gaan.

Ons aanvaar jy ken jou kamera se instellings. Ter wille van ons bespreking sal ons van die standpunt uitgaan dat alles in 'n ideale wêreld gebeur. Begin dus eerder binnenshuis met die oefening as om dit, by wyse van spreke, in die bos te probeer.



Donker onderwerp teen ligte agtergrond

As voorbeeld van die speel-met-lig-idee, sal ons silhoeët-fotografie prakties uitvoer. Ons aanvaar jy het binnenshuis 'n stil item waarvan die buitelyne duidelik herkenbaar is. Stel dit op teen 'n helder lig in die agtergrond. Dit is belangrik dat die agtergrondlig helderder moet wees as die onderwerp self. Hoewel die foto hierby nie 'n volkome silhoeët is nie, wys dit die idee.

Volg nou die onderstaande stap-vir-stap aanwysings:

- ✓ *Driepoot:* Gebruik beslis 'n driepoot sodat jy ten volle beheer het oor die komposisie en die kamera.
- ✓ *Lensstelsel:* Gebruik enige lens.
- ✓ *Zoemlens-instelling:* Stel die zoemlens in om die foto in 'n goeie mate te vul.
- ✓ *ISO:* Gebruik 'n lae waarde, byvoorbeeld 100 of 200.
- ✓ *Fotoformaat:* Kies 'n geskikte fotoformaat.
- ✓ *Witbalans:* Kies 'n passende witbalans, hier waarskynlik *skadu* omdat dit binnenshuis is.
- ✓ *Lensopening:* Kies 'n groot lensopening om die agtergrond te verberg.
- ✓ *Fokusering:* Fokus op die hoofitem.



- ✓ *Sluiterspoed*: Begin nou om met die lig te speel. Stel aanvanklik die sluiterspoed in op die "korrekte" lesing volgens die liniaal. Neem 'n foto. Gaan dan stap-vir-stap aan om al meer en meer te onderbelig (byvoorbeeld 2/3 stop per keer). Neem elke keer 'n foto en kry 'n al donkerwordende reeks foto's. Let op hoe die onderwerp al meer en meer 'n silhoeët word.
- ✓ *Fotosessie*: Jy sal gou 'n aanvoeling vir die proses kry. Dan is dit nie nodig om die stappe so noukeurig van ligter na donkerder uit te voer nie. Hou egter aan totdat jy slaag. Die beste sal ook wees om agterna op 'n rekenaarskerm die beste foto uit te soek. Die foto hierby is 'n pragtige toneel om as voorbeeld te onthou.



Olifantsilhoeët – Fanie Coetzee

Verdere speel-met-lig-idees:

- ✓ Neem 'n braaivleisvuur af. Speel met die lensopening en sluiterspoed en sorg vir mooi kleure en abstrakte patrone.
- ✓ Neem 'n sonsondergang af. Mik direk in die rigting van die son, maar kry 'n oplyning met 'n boomstam reg tussen die son en die kamera.
- ✓ Verkry lensweerkaatsings in foto's deur vroegogend of laatmiddag rofweg in die rigting van die son te skiet. Varieer die lensopening en sluiterspoed om effekte te verkry.
- ✓ Vergeet dat jy as kind geleer is om nie met vuur te speel nie. Maak 'n opstelling met ys en vuur en geniet die pret. Bring ook 'n glasie wyn by as jy wil. En stuur jou pronkstuk vir ons!

LIG

EN DIE OU MEESTERS

Moet nooit dink dat fotografe die enigste wesens is wat kennis moet dra van komposisiereëls en lig-sake nie!

Lank voor die dæ van kameras en fotografie was komposisiereëls reeds bekend. En net so ook die toepaslike gebruik van lig.

Lees maar net meer oor vroeë skilders en kyk na hul skilderye. Probeer om hul skilderwerke te "lees" en te begryp wat hulle met lig gedoen het. Die Nederlandse skilder Johannes Vermeer (1632-1675) is een so 'n voorbeeld. Kyk

na sy werk, *Het Melkmeisje*, hierby, om te sien hoe hy onder andere van direksionele lig gebruik gemaak het. En benut dit ook in jou eie fotografie.



Het Melkmeisje (Google art project)

https://en.wikipedia.org/wiki/Johannes_Vermeer



LIG – EN MODERNE MEESTERS



As jy honderde idees wil kry vir werklik baie besondere foto's – selfs kunsfoto's – gaan kyk dan na die werk van Barbara Bender. Dis regtig uitsonderlik en hoogs aan te beveel.



Kyk by <http://www.barbarabenderphotoart.com/>

FOTOGRAFEER TEEN DIE LIG: BINNE NA BUITE



Dink jouself die volgende foto-scenario in: Jy is in jou huis besig om binnenshuise foto's te neem van ornamente, blommerangskikkings en ander kleinigheidjies.

Jy het 'n mooi opstelling en kry al die instellings reg. Meteens besef jy die groot gordynlose venster in die agtergrond laat te veel lig in. En dit is problematies.

Natuurlik kan jy besluit om 'n silhoeet te neem, maar dis nie wat jy wil hê nie. En natuurlik kan jy die toneel verskuif of jou posisie ten opsigte van die onderwerp verander. Maar miskien wil jy dalk juis dié opstelling hê. Wat moet jy doen?

Besef dat hierdie probleem, naamlik 'n groot ligkontras, algemeen voorkom. Ander voorbeelde is ligte en donker persone saam in een opstelling; helder sonkolle op 'n persoon wat in die skadu van 'n boom staan, ensovoorts.

Hier is 'n twee moontlikhede vir oplossings:

Oplossing 1: Neem foto's van oorbelig tot onderbelig met verskillende sluiterspoed-instellings (soos in die foto-voorbeeld) en kies die beste.

Oplossing 2: Gebruik Photomatix (gratis aflaaibaar) en verwerk twee tot vier foto's na een foto (sien hooffoto).



Wat is in 'n naam?

Ons het in ons vorige uitgawe van *Fotografienuus* gesels oor die herkoms van sommige van ons Afrikaanse maandname. As jy eers begin wonder oor die herkoms van woorde, dan is daar geen einde aan die interessantheid wat jy gaan teëkom nie.

Om mee af te skop: Elkeen wat hier lees, werk van tyd tot tyd met 'n kamera en kry te doen met ander tegnologie: Waar kom *sluiterspoed* vandaan? En *shift(key)* op 'n sleutelbord? En wat van *X-strale*? Soek hiervoor self die antwoorde.

Om, in aansluiting by die maandname, verder te gaan: Waar kom ons name vir die weeksdæ vandaan? Ons ken almal die name van die weeksdæ, maar wat maak jy uit van die volgende? SON-dag, MAAN-dag, MARS-dag, MERKURIUS-dag, JUPITER-dag, VENUS-dag en SATURNUS-dag.

Wat gaan hier aan en wat kan ons aflei? Minstens die volgende:

- ✓ Twee name, naamlik Sondag en Maandag, is verstaanbaar.
- ✓ Een naam, Saterdag, is half-herkenbaar.
- ✓ Die ander name is onbegryplik, maar almal is planeetname.

Eintlik is al sewe name, dus son en maan inklusief, planeetname volgens 'n siening wat in vroeëre eeue gegeld het.

Die verklaring is soos volg:

- ✓ Behalwe "son" en "maan" is almal name uit die Romeinse mitologie.
- ✓ Al die ander name is name uit die Germaanse mitologie, soos dit verwant is aan die Romeinse mitologie: Mars (*Tiwa*), Mercurius (*Woden*), Jupiter (*Donar*), Venus (*Freia*). Dink ook in hierdie verband aan die Engelse benamings.

Daar het jy dit. Die volgorde van die planete is natuurlik nog 'n vraag. Maar vir nou is dit eers genoeë inligting.

Bron: *Die storie van Afrikaans* van WAM Carstens en EH Raidt (p191).



As jy verder belangstel, lees ook by <https://bit.ly/2OiYlxb>



Kunsfoto's

5

impressionistiese fototegnieke

Die fotograaf Anne McKinnell stel in 'n artikel *Five impressionistic photo techniques* die volgende saak:

I often think of photography as two different art forms:


There is the traditional style that depicts a literal representation of a scene by showing how it actually appears to the person who is present – the style used in photojournalism and travel images.

Then there is another style where the photographer tries to convey the feeling of a scene, a general impression, or suggestion of a scene.

Moontlik is jy moeg vir jou eie fotografie. Dalk is die rede daarvoor dat jy vashaak by die eerste moontlikheid hierbo. Oorweeg dan die tweede moontlikheid en kyk watter nuwe wêreld – 'n kunswêreld – vir jou oopgaan. Die vyf tegnieke is die volgende:

- ✓ Doelbewuste kamerabeweging (foto onder)
- ✓ Zoemsarsies
- ✓ Selektiewe fokussering
- ✓ Lang beligtings
- ✓ Fokus tussendeur ander items (foto bo)

Kyk hier vir meer inligting
<https://bit.ly/2CSH41f>



Towerlantern Fotografie
- november 2018 -

BENUT JOU SELFOONKAMERA

Almal ken die probleem: Jy sien 'n mooi toneel maar jy het nie jou kamera by jou nie; of nog erger, daar is nie geleentheid om 'n foto te neem nie, miskien omdat jy jou motor bestuur of omdat dit te gevaarlik is om in 'n sekere omgewing foto's te neem of omdat die toneel slegs vir 'n oomblik daar was.

Hier is twee moontlike oplossings:

- ✓ Ontwerp 'n kamera wat jy (soos 'n outydse monokel) in jou oog kan dra wanneer jy motor bestuur. Dit moet so werk dat as jy jou oog knip dan moet die foto geneem wees.
- ✓ Of meer prakties: Gebruik jou selfoonkamera en wees so bedrewe daarmee dat jy in die ry foto's kan neem. Of miskien eerder as jy by 'n robot staan en wag.

Die foto hierby toon laasgencemde idee. Dis by 'n robot geneem toe die bestuurder moes wag. Wat jy sien is 'n onderdeel van 'n groter foto met verskeie pale, straatborde en ander ontsierings. Dit is in St Louis, Missouri, VSA geneem. Jy sal saamstem dat die toneel net te besonders was om sommer maar te ignoreer.



Sonsondergang, St Louis - Tineké van der Walt



Hoe dikwels (of selde) neem jy aandfoto's? En natuurlik verstaan mens dat daar redes is soos veiligheid, koue, ensovoorts. Maar gaan tog bietjie soms saans uit en neem foto's. En jy sal verbaas wees oor die "nuwe" foto's wat jy kry. Soos die President Pretorius huismuseum in Potchefstroom hierby.

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs